# InfoForum

Nuusbrief van die Ferdinand Postma-Biblioteek
Noordwes-Universiteit : Potchefstroomkampus

Tuisblad English

Vol 5(2), Okt 2005


## Redaksioneel...

In die Hoër Onderwys is kwaliteitsmeting deesdae 'n drukgebruikte woord. Soos in enige ander bedryf moet ons seker maak dat ons dit wat ons voorgee om te doen, goed doen en die regte oogmerke daarmee bereik. As ons dinge nie reg doen nie, moet maatreëls getref word om dit reg te stel.

Biblioteke in die algemeen, en in besonder die Ferdinand Postma-Biblioteek, het net een oorkoepelende doel, en dit is om studente, dosente en navorsers in staat te stel om hulle akademiese werk so goed as moontlik te doen. As ons gebruikers tevrede is, lyk dit of ons slaag. As hulle murmureer, misluk ons. Lees meer hieroor...

(Kyk ook gerus na wie die LibQUAL pryse gewen het.)

Met hartlike dank,

**Tom Larney**
**Direkteur Biblioteekdienste**

SCOPUS

Scopus - die wêreld se grootste indekserings en verwysings databasis bied jou toegang tot 14,000 tydskriftitels oor wetenskaplike, tegniese, mediese en sosiale literatuur sover terug as die middel 1960s.

Verder bied Scopus jou ook:

- Volteks skakels direk van die resultaatlys. Meer oor volteks skakels...
- Uittreksels vanaf 1966, verwysings wat 10 jaar terugdateer vanaf 2005, en daaglikse opdaterings. Meer oor omvang van inhoud…
- Innoverende middels wat jou help om jou soektog te verfyn tot relevante resultate. Meer oor hoe om jou soektog te verfyn…
- Boodskappe wat jou op hoogte hou van jou navorsings onderwerp. Meer oor die boodskappe…

Engineering Village 2

Engineering Village 2 (Compendex & Inspec)
Die gekombineerde Compendex & Inspec databasisse maak soektogte oor 'n wye reeks onderwerpe binne die wetenskappe, toegepaste wetenskappe, tegniese wetenskappe en ingenieurswetenskappe moontlik. Verwysings sover terug as 1969. Die databasis word weekliks opgedateer.

---

ISI Web of KNOWLEDGE Transforming Research

**Stel jy belang in die impakfaktor van 'n sekere tydskrif?**

Gaan na Journal Citation Reports (JCR). Jy kan ook tydskrifte soek volgens onderwerp. Die databasis is beskikbaar deur ISI Web of Knowledge. Kontak asseblief jou vakbibliotekaris vir meer inligting.

INIS

INIS, die **International Nuclear Information System** is die wêreld se toonaangewende inligtingsbron oor die vreedsame gebruik van kernkrag en tegnologie. Meer oor die databasis en sy omvang kan hier gelees word.

---

**Elektroniese naslaanwerke:**

- Elektroniese WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal)
- Oxford English Dictionary
- Oxford Reference Online


---

Die Biblioteek het twee **opleidingslokale** nl. Besembos en Tarentaal wat deur personeel en studente by die Inligtingstoonbank in die biblioteek, of by 299 2802, bespreek kan word.

FerdiKat

**Die katatalogus bied 'n nuwe funksie.** Jy kan nou 'n lys kry van al die boeke wat jy by die Biblioteek uitgeneem het oor 'n tydperk. Aktiveer die "My Reading History " opsie op jou lenersrekord en verkry so 'n lys van al die boeke wat jy uitgeneem het vandat hierdie opsie geaktiveer is. Lees hier hoe om die opsie te aktiveer.

---



**Wanneer weet ek of 'n tydskrif geakkrediteerd is?** Wat behels die wetgewing rondom geakkrediteerde tydskrifte? Lees meer oor die onderwerp ... of kontak jou vakbibliotekaris vir meer inligting.

---

*Imagination is more important than knowledge...*
Albert Einstein (1879 - 1955)

Vorige uitgawes

---

© 2004 Noordwes-Universiteit. Alle regte voorbehou Voorwaardes en Bepalings

# Redaksioneel

In die Hoër Onderwys is kwaliteitsmeting deesdae 'n drukgebruikte woord. Soos in enige ander bedryf moet ons seker maak dat ons dit wat ons voorgee om te doen, goed doen en die regte oogmerke daarmee bereik. As ons dinge nie reg doen nie, moet maatreëls getref word om dit reg te stel.

Biblioteke in die algemeen, en in besonder die Ferdinand Postma-Biblioteek, het net een oorkoepelende doel, en dit is om studente, dosente en navorsers in staat te stel om hulle akademiese werk so goed as moontlik te doen. As ons gebruikers tevrede is, lyk dit of ons slaag. As hulle murmureer, misluk ons.

Soos ons reeds elders en vroeër vermeld het, het hierdie Biblioteek vanaf Julie saam met die biblioteke van UCT, UP, US, UVS, Rhodes en ons kollega-kampusbiblioteek op Mafikeng deelgeneem aan die LibQUAL-opnameprojek van die Amerikaanse Association of Research Libraries, waaraan tussen 100 en 200 ander vooraanstaande akademiese biblioteke wêreldwyd ook deelgeneem het.

In ons eie geval het meer as 900 van ons gebruikers deur middel van die goed-ontwerpte stelsel terugvoer gegee oor drie kernaspekte van ons diens. Dit is naamlik oor die houding van ons personeel, die kwaliteit van ons inligtingsverskaffing, en die belewing van die biblioteekgebou as plek. Afgesien van die numeriese terugvoer was daar ook geleentheid om spesifieke kommentaar te lewer. Ons is nog besig om laasgenoemde te ontleed en ek hoop dat ons binnekort verder terugvoer daaroor kan gee.

Een van die ondernemings wat ons moes gee oor die ontledings wat deur LibQUAL self gedoen is, is dat ons nie vergelykings met ander biblioteke sal tref nie. Ek kan egter verklap dat ons beide met die houding van ons personeel en die gehalte van ons inligtingsverskaffing baie hoog onder die top-drie geëndig het. Slegs wat die biblioteek as plek betref, is ons afgedruk na êrens in die middel van die top-drie, en dit deur 'n biblioteek wat ons ook dink 'n jollie oulike gebou het.

Ek is uitermate trots op die terugvoer wat ons gekry het en ek sê daaroor nie net baie dankie aan u as gebruikers nie, maar veral ook aan ons personeel, wat baie hard werk om u belange te dien. Ons is trots op julle almal!

**Tom Larney**
**Direkteur Biblioteekdienste**

## Aktiveer jou leesgeskiedenis

Die Biblioteek ontvang gereeld vesoeke van gebruikers vir 'n lys van bronne wat deur hul uitgeleen is (leesgeskiedenis). Hierdie opsie is nou moontlik, maar moet deur gebruikers self geaktiveer word. Dit kan ter enige tyd weer onaktief gemaak word en later weer geaktiveer word.

**Stappe:**

- Gaan na http://fpb-lnx1.puk.ac.za/patroninfo
- Sleutel jou **van** en **universiteitsnommer** in. (**Let op:** personeel moet hulle nuwe universiteitsnommer insleutel. Dit kan verkry word deur eers te kliek op die ikoon "**Soek vir jou nuwe Noordwes-Universiteitsnr** ".
- Natdat jy jou van en universiteitsnommer ingesleutel het verskyn jou lenersrekord op die skerm soos die voorbeeld hieronder:




- Kliek op "**My Reading History**"
- Kliek op "**Enable collection of reading history**". Soos aangetoon in die voorbeeld hieronder.




- Alle bronne wat jy uitgeneem het vandat jy die funksie geaktiveer het sal hier gelys word.
- Sodra jy nie meer van die diens gebruik wil maak nie vee al die bronne in die lys uit en kliek op "**Disable collection of reading history** ".
- Indien enige probleme ondervind word kontak Elize van Eldik by 018 299 2812.

Terug na InfoForum, 2006_6_1



